

# ST. ADRIAAN VAN KANTELBERG
# 9 JANUARIE

(sterf 710)

Hy is in Noord-Afrika gebore en sluit as jongman aan by Benediktyne in Italië waar hy later ab van Nerida-klooster word. Hy vergesel die Griek, Theodorus, na Engeland toe dié aangestel word as aartsbiskop van Kantelberg. Hy bly die regterhand van aartsbiskop Theodorus en onder sy bestuur bereik die katedraalskool van Kantelberg nuwe hoogtes en floreer geleerdheid en geloofskennis regdeur Engeland.

© Die Oratorium Uitgewery